

Abram smeek vir ander

Ontmoeting 8

Teks: Gen. 15-17 en 19

Hulpmiddels:

- Sandboks
- Sandboks karaters: Abram, Lot se vrou, Hagar en 'n kleiner poppie wat Ismael kan wees
- 'n Skapie
- 'n Tent
- Rivier
- Bome (groen takkies)
- Blokkies
- 2 Roomysstokkies met die name Sodom en Gomorra op
- Rol sagte karton of koerantpapier in 'n silinder wat oor "Lot se vrou" sal pas vir 'n soutpilaar.



WELKOM

Speel met die kinders "Abram says"

Die speletjie werk so dat jy die kinders om die bos probeer lei deur iets anders te doen as wat jy sê. Kyk dan of die kinders doen wat jy doen of doen wat jy sê. Bv. "Abram says... bow down!" (*Jy buig ook.*) "Abram says... Lift your arm!" (*Jy lig ook jou arm.*) "Abram says... Sit down!" (*Maar jy buig net en sit nie.*) Almal wat net gebuig het, val nou uit. (*Dit sal help om die kinders voor te berei op Abram se ongehoorsaamheid toe hy sy eie plannetjie gemaak het om 'n nageslag te kry.*)

S-T-O-P - speletjie

Een persoon staan voor teen die muur met sy rug na die groep gedraai. Die ander staan teen die oorkantste muur almal in 'n ry en kyk na die persoon voor. Hy roep hard: "S-T-O-P... stop!" Die kinders beweeg so vinnig moontlik vorentoe om by die muur uit te kom. Hulle mag net beweeg totdat die voorste persoon "Stop!" sê. Sodra die kind "Stop!" gesê het, kyk hy so vinnig moontlik om en as hy iemand sien beweeg, is daardie persoon uit. Die een wat eerste aan die muur raak, kan volgende keer weer voor staan.



WYDING

Temalied: "Nothing's too big" (<https://www.youtube.com/watch?v=8bsEggn344>)

Stilword-ritueel:

Kinders lê op die grond en hou mekaar se hande vas. Sê: "Onthou: God bind ons as medegelowiges aan mekaar vas en ook aan ons aartsvader Abraham. Gee mekaar 'n handdruk om dit te erken en staan op/sit regop."



WOORD

Beweging I [Die Here sluit 'n verbond met Abram]

Abram het begin twyfel of die Here regtig vir hom sal seën en vir hom en Sarai 'n kind sal gee. Die Here het geweet Hy moet vir Abram 'n teken gee wat hom sal help om beter te glo. Hy sluit toe 'n verbond met Abram. Die manier hoe hulle 'n verbond gesluit het, was om 'n skaap of ander diere te slag en 'n belofte op die skaap se lewe te maak. (*Neem nou 'n skapie en laat dit voor Abram lê.*) Die wonderlike van dié verbond was dat Abram die hele tyd niks belowe of gesê het nie, maar God het alles gedoen. Om die waarheid te sê: Abram het die hele tyd geslaap. (*Sit Abram ook nou langs die skapie plat neer.*)

Beweging 2 [Abram is ongehoorsaam en kry 'n kind by sy slavin] *(Hier moet jy die tent opsit en vir Ismael voor die tyd in die tent sit.)*

Alhoewel Abram die spesiale verbond gehad het, het hy steeds getwyfel. Hy en Sarai maak toe hulle eie plan en vra die vrou wat by hom werk om vir hom 'n kind te gee. *(Laat Abram en Hagar in die tent ingaan.)* Abram het toe 'n seun met die naam Ismael by Hagar gehad. *(Laat Abram met Ismael uit die tent kom.)* Dit was verkeerd in die oë van die Here. Abram het sleg gevoel en toe vir Hagar en Ismael weggejaag na die woestyn toe. *(Neem nou vir Ismael en Hagar en sit hulle ver weg, eenkant in die sandboks.)* Maar die Here het steeds beloop om by Hagar en Ismael ook te wees. *(Sit nou 'n takkie langs hulle neer wat vir hulle skadu kan gee.)*

Beweging 3 [Die Here gee die besnydenis as verbonds-teken]

Die Here het ook by Abram gebly. *(Sit ook nou 'n takkie langs Abram neer wat 'n simbool raak van God se skuiling.)*

Hy het besef dat Hy vir Abram 'n sigbare teken van sy verbond moet gee wat hy heelyd kan sien. Die Here het toe beveel dat Abram en al die mans se voorhuide afgesny moet word as teken van sy verbond. Daarna was al die seuntjies op 8 dae oud besny.

Van toe af het Abram geglo dat God vir hom 'n God is. God sou van hom 'n volk maak wat 'n seën vir al die nasies sou wees.

Beweging 4 [Sodom en Gomorra se lot]

(Bou nou weer die mooi deel wat Lot gekies het soos met verlede keer se ontmoeting.)

By Lot se streek het die mense al hoe slegter geword en later vir hulle die stede Sodom en Gomorra gebou. *(Neem die blokkies en bou dit langs die rivier en bome sodat dit soos stede lyk wat Sodom en Gomorra voorstel. Plaas die twee naam aanwysings langs die blokkies.)*

Daar het hulle slegter en slegter geword totdat die Here dit nie meer kon uithou nie. Die Here het vir Abram gesê dat hy die stede gaan verwoes. Abram het by die Here gepleit om nie die stede te verwoes nie en gevra of Hy die stede sal spaar as daar 50 regverdiges is. Die Here het gesê dat Hy dit sal spaar vir 50 regverdiges. Toe pleit Abram vir 45 mense en die Here het ook gesê hy sal niks doen as daar 45 goeie mense is nie. Toe pleit Abram vir 40 en later vir 30 mense en later vir 20 mense en elke keer het God gesê dis reg. Hy sal vir 20 goeie mense ook nie die stede verwoes nie. Abram het 'n laaste keer probeer en gevra: "Wat van 10 mense?" Ook vir 10 mense sou die Here die stede gespaar het. Maar die stede was so sleg dat daar nie eers 10 goeie mense was nie. Die Here het toe twee engele gestuur en vir Lot gaan waarsku. Hulle het Lot en sy gesin na die buitekant van die stad geneem en gesê hulle moet weghardloop sonder om een keer om te kyk, anders sal hulle doodgaan. Lot en sy gesin het gevlug. *(Laat Lot en sy vrou nou vinnig weghardloop.)* God het die stede verwoes. *(Vee nou met jou hand oor die gebied en haal die blokkies en die bome weg.)* Lot en sy gesin het aanhou hardloop, maar sy vrou het gaan staan. *(Laat Lot aanhou hardloop en hou sy vrou op een plek.)* Toe doen Lot se vrou 'n vreeslike ding. Sy draai om en kyk na die stede. *(Draai nou die poppie om.)* Dadelik het sy in 'n soutpilaar verander en gesterf. *(Plaas nou die soutpilaar oor die poppie.)*

Die Here het steeds by Lot gebly al was die plek wat hy gekies het toe al die tyd nie die beter plek nie.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:


1. Ek wonder hoekom het Abram sy eie plan gemaak om 'n kind te kry.
2. Ek wonder of dit vir jou ook lekker sal wees om 'n teken te hê van God se liefde vir jou.
3. Ek wonder watter tekens van liefde alles rondom ons is wat ons nie raaksien nie.
4. Ek wonder hoekom het Lot se vrou omgekyk.
5. Ek wonder hoekom daar so min goeie mense in die stede was. Is dit vandag ook so?



WERSKAF

- ♦ Maak soutpilare soos die een wat jy moes maak vir hierdie ontmoeting. Gee vir die kinders papier, gom en skêre.
- ♦ Maak jou eie teken van God se liefde vir jou met papier en kryte.
- ♦ Laat die kinders in die sandboks die verhaal uitspeel.
- ♦ Kopieer die prent van Lot se vrou op karton. Laat die kinders die prent inkleur (behalwe waar die kolletjies is). Laat hulle gom smeer op die kolletjies en sout daaroor strooi.
- ♦ Laat die kinders raai hoeveel “regverdiges” agter die deur staan. Dit werk so: Laat ‘n klompie kinders uit die vertrek gaan. Een kind kies hoeveel van die kinders uit die groep agter die deur moet staan. Almal wat in die vertrek agtergebly het, kry ‘n kans om te raai hoeveel “regverdiges” agter die deur staan. (Dis nie noodwendig die hoeveelheid wat uit die vertrek gegaan het aan die begin nie.) Almal wat reg raai, kry ‘n beloning. As niemand reg raai nie, kan die groepie agter die deur die ander kinders kom vang en die kinders wat gevang word, kry nie ‘n beloning nie. Speel die speletjie weer en laat daar ‘n ander hoeveelheid “regverdiges” agter die deur staan sonder dat die groep sien hoeveel dit is.

Sluit af met die seënbede.



Internet:
Church
house
collection